Verhoudings

Verhoudings groei as ons praat én luister. As jy te besig is om te luister, is jy te besig! As jy te bang is om te praat, moet jy nie verwag dat ander presies moet weet hoe jy voel of dink nie! Jy moet bereid wees om rustig te deel wat in jou hart omgaan en genoeg vrae vra om uit te vind wat in die ander se hart aangaan. Afsydige, geslote en “los my uit” lewens, is gedoem tot eensaamheid, misverstand en seerkry...

Spr.16:24 “Aangename woorde is heuning, soet en geneeskragtig vir die mens.”
Verhoudings groei as ons omgee...
Verhoudings groei as ons eerlik is...
Verhoudings groei as ons geduldig is...

Maar let op hoe maklik ons neig tot krities wees en hoe maklik ons gedagtes veroordelende denke word. Dit kom sommer vanself! Verhoudings word afgebreek deur kwetsende woorde, ongeskikte nukkerige gesindhede, kwaadpraat en skinder.

Jou woorde verraai hoe jy in jou hart voel teenoor iemand. Woorde kan bou of afbreek, heelmaak of seermaak... Stukkende verhoudings kweek hartseer, frustrasie, ongeluk, woede, haat, en loop dikwels uit op moord en selfmoord.

Wat wil jy hê? Wat verkies jy? Stukkende verhoudings in ’n stukkende wêreld? Of gelukkige verhoudings in ’n vredevolle wêreld?

Waar kan ek begin om stukkende verhoudings reg te maak? By jouself! Hou op om ander te wil verander en vra God om jou te vul met die vrug van Sy Gees.

Spr. 17:9 “Wie ’n verkeerde optrede teenoor homself verontagsaam, soek goeie verhoudinge; wie ’n saak bly ophaal, bring verwydering tussen vriende.”

Ds. Willem Louw: NG Kerk Miederpark